Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva

Navrae
Enquiries
IMibuzo
Nariman Khan

Telefoon
Telephone
IFoni
021 467 2970/2597

Faks
Fax
IFeksi
021 467 2573

Verwysing
Reference
ISalanthiso
13/12/45
20040511-0095

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni

OMSENDBRIEF : 0030/2004
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), PRINSIPALE VAN OPENBARE SKOLE, VOORSITTERS VAN SKOOLBEHEERLIGGAME EN VEILIGHEIDSBEAMPTES**

KORT OPSOMMING: *Bekendstelling van die inligting vervat in die Handleiding rakende die hantering van veiligheid en sekuriteit in WKOD-inrigtings*

ONDERWERP: VEILIGHEID EN SEKURITEIT IN WKOD-INRIGTINGS

1. In 'n poging om misdaad en geweld in sy skole te bekamp, het die Wes-Kaap Onderwys-departement (WKOD) 'n *Handleiding rakende die hantering van veiligheid en sekuriteit* in samewerking met kringbestuurders, skoolhoofde, opvoeders, onderwysersunies, Arbeidsverhoudinge, Regsdienste en die Veiligeskole-afdeling opgestel. Die handleiding, wat op 18 Februarie 2004 bekendgestel is, sal dien as 'n riglyn vir opvoeders, leerders en ondersteuningspersoneel in die bestuur van veiligheid en sekuriteit in WKOD-inrigtings.
2. Die handleiding gee 'n uiteensetting van die visie, missie, strategie en beplanning wat met die handhawing van veiligheid en die beheer van krisisse gepaard gaan en roer die kwessie van wapens op skoolterreine asook visenterings en beslaglegging aan.
3. Riglyne word ook vir die volgende voorsien:

3.1 Omgewingsprogramme

3.2 Programme vir die ondersteuning, modifikasie en beïnvloeding van gedrag

3.3 Stelselprogramme

4. Spesiale aandag word gegee aan die stigting van veiligheidskomitees en die aanstelling van veiligheidsbeamptes by skole.

Hoofde van inrigtings word versoek om te verseker dat die inhoud van die handleiding onder die aandag van alle opvoeders, ouers, voogde en leerders gebring word.

GETEKEN: P.A. VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2004:07:02

Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Grand Central Towers, Lower Parliament Street, Private Bag X9114, Cape Town 8000

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Handleiding rakende die hantering van veiligheid en sekuriteit (grootte: 259 KB) na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva